BID: Decoligny (2018-07-13)

BID:

- Bid vir families in die gemeente waar daar sterfgevalle is. Sondag, 15 Julie, word 'n seun van Mama Qashani begrawe en volgende Sondag 'n seun van Mama Mplatyi.
- Die naweek van 11 - 12 Augustus word die Vroue Diens se Jaarlikse Konferensie by Bet-El gehou. Bid vir die voorbereidings, vir die sprekers en vir goeie samewerking.
- Hou asseblief aan om te bid vir die grond kwessie op Decoligny. Die Sinode het besluit om voort te gaan met die Hofsaak om die onwettige plakkers van die grond te verwyder. Daar is ook besluit om 'n vennootskap met Stag ontwikkelaars aan te gaan vir die ontwikkeling van die grond.

INLIGTING:

- Die Visie van die VGKSA lui: " 'n Toegewyde en Verenigde Kerk in diens van Eenheid, Versoening en Geregtigheid aan alle mense in Christus." Bid saam vir mense wat ander mense haat as gevolg van onkunde. Bid vir vertroue tussen mense, omdat vrees vir mekaar veroorsaak dat ons mekaar haat. Bid vir eenheid in die kerk en die land - slegs God se liefde bring eenheid. Bid vir vergifnis teenoor mekaar en vir bekering tot God, omdat ons weggeloop het van God af. (Joh. 13; 34 & 35)
- Dit gaan goed met Sam se studies. Hy werk tans aan take vir drie vakke. Verder sê hy, soos baie Teologiese studente, dat die Grieks en Hebreeus maar moeilik is, maar dat hy alles daarvoor insit. Sy eksamens is geskeduleer vir November.
- Daar word baie gepraat en bespreek hoe elke lidmaat van Decoligny 'n "Lasdraer" kan wees. Die gedagte is dat elke lidmaat 'n las in hul harte sal dra vir mense wat nie die Here ken nie; dat elkeen daarna sal streef, om nie gedien te word nie, maar om ander te dien; dat dit nie vir elkeen daarom sal gaan om net vir hulleself om te gee nie, maar om 'n draer van hoop vir ander te wees, dat elkeen sal weet dat hulle gered is om ander te dien.

DANK:

- Dankie vir gebede vir die Sinode Sitting van die VGKSA wat in Alice, Oos-Kaap plaasgevind het. Dankie vir elke geestelike boodskap wat die Here verheerlik het gedurende die Sinode Sitting.
- Twee lede van die Ring van Mthatha is as lede van die Moderatuur verkies: Sam Dandala van Decoligny gemeente en mev M Mplatyi van Mthatha gemeente.
- Dank die Here dat dit goed gaan met die personeel en die kinders van Sinethemba. Weens omstandighede kon die gemeente wat hierdie week 'n besoek aan Sinethemba en Decoligny sou bring, nie gaan nie, maar ons vertrou dat dit volgende jaar sal kan gebeur.

(Inligting voorsien deur Sam Dandala (Decoligny) en Felicia Twantwa (Sinethemba)

Groete in Jesus Christus

Willem Botes
083 658 2154 / 021 854 4620
wgpbotes@gmail.com